Geregistreer aan die Hoofposkantoor as 'n Nuusblad.

DIE O.B.

Jrg. 11. Kaapstad, 9 Januarie 1952. Prys 3d. Nr. 6.

# DIE ANGEL VAN DIE EMPIRE-KONFERENSIES

**Meer lig word gewerp op die Empire-konferensie oor ekonomiese sake wat binnekort in Londen gehou sal word, deur 'n persberig wat uit die Britse hoofstad afkomstig is. Die konferensie sal plaasvind onder die voorsitterskap van die Britse Chancellor of the Exchequer en sal bygewoon word nie alleen deur die ministers van finansies van die koninkryke van die Britse Statebond nie, maar ook deur die Britse minister van kolonies en 'n span raadgewers. Dit is in ooreenstemming met die Britse beleid om die Stateband en die Empire gelyk te skakel.**

Die Suid-Afrkiaanse minister van finansies, mnr. N. C. Havenga, het alreeds vertrek na Londen om die konferensie by te woon.

**Die berig uit Londen lui dat hoewel die aanvoorwerk vir die konferensie deur die voormalige Arbeidersregering gedoen is, staan die sameroeping van die konferensie in die teken van die beleidsverklaring wat deur die Konserwatiewe Party gedoen is.** In die verkiesingsmanifes van die Konserwatiewe Party, wat net voor die jongste verkiesing uitgereik is, is daar twee verwysings na aangeleenthede wat op die aanstaande konferensie behandel sal word.

### SKAKEL-STAF

In die afdeling wat oor statebondsake handel, lui dit in die manifes: „Ons moet die gewoonte ontwikkel om, net soos vennote, ons probleme gesamentlik te bespreek. Te dien einde mag dit nodig wees om 'n permanente staf van skakelamptenare in die lewe te roep." En voorts lui dit: „Ons is voornemens om, as 'n saak van dringende belang, 'n Empire Ekonomiese Konferensie byeen te roep, waarheen ook verteenwoordigers van die kolonies uitgenooi sal word."

Dit is nie duidelik of die Britse regering die Statebond se ministers van finansies sal versoek, formeel of informeel, om sodanige skakelstaf van amptenare daar te stel nie. Maar, aldus die berig, die aanstaande konferensie sal aan die Britse ministers die geleentheid bied om hul Statebondskollegas te pols oor die aanneemlikheid van hierdie skema sowel as van ander voornemens wat die Konserwatiewe regering koester, bv. die oprigting van 'n adviserende verdedigingsraad vir die hele Britse Statebond sowel as 'n gemeenskaplike militêre staf.

### SIGBARE GESTALTE

Sover vasgestel kan word, beskou die Britse regering nie die aanstaande konferensie van geld-ministers as 'n plaasvervanger van die beloofde Empire Ekonomiese Konferensie nie. Oënskynlik sal die konferensie ook nog later byeengeroep word.

**Indien die beleid van die Britse regering, soos dit in die regeringsparty se verkiesingsmanifes uiteengesit is, uitgevoer word, sal die integrasie van die Britse Statebond en Empire en die aftakeling van die Statebondskoninkryke se soewereiniteit sigbare gestalte kry. Tans is die proses „onsigbaar" aan die gang met behulp van talryke „toevallige" Empire-konferensies.**

### MOET WEIER

Ons weet uit mnr. Havenga se eie mond dat hy nie 'n uitgesproke republikein is nie, maar ons wil nogtans vertrou dat as die Britte hom pols oor die instelling van Empire-rade of Statebondsrade (hoe onskuldig dit ookal mag voorgestel word) hy botweg sal verklaar dat dit heeltemal onaanneemlik is vir Suid-Afrika.

Mnr. Havenga moet ook boonop onthou dat dit ewe min geduld kan word dat Suid-Afrika met „onsigbare" ekonomiese kettings aan die Britse Empire en Statebond vasgebind word. Dit help niks om enersyds die appèl na die Geheime Raad af te skaf en andersyds Suid-Afrika die agterland van die Londense hawe te maak nie.

### INFORMEEL

Die O.B. hou net niks van die Empire-konferensies nie. Die formele samesprekings waarvan in die koerante berig word, is meestal onskuldig, want die Britte is meesters in die propagandakuns. Maar die angel steek alte dikwels in die informele samesprekings, onthale en polsery. En dit bly gewoonlik geheim totdat die Britse koeël deur die Afrikaanse kerk is.

# ONS LESERS WERF NUWE INTEKENARE

**Die veldtog vir die werwing van nuwe intekenare op Die O.B. is nog steeds aan die gang. Sedert die jongste aankondiging het die blad weer heelwat nuwe lesers bygekry.**

Lesers van Die O.B. kan intekenare werf vir 3 maande, 6 maande of een jaar of langer. Intekengeld is 12/6 per jaar; 6/3 vir ses maande en 3/3 vir 3 maande. Lesers kan ook vir vriende inteken wanneer proefeksemplare aan hulle gestuur sal word vir die tydperk waarvoor ingeteken word.

**Ons hartlike dank word betuig aan die volgende lesers wat met die werwingsveldtog behulpsaam was:**

Mnr. J. H. Gouws, van Groblershoop, wat verantwoordelik is vir 3 nuwe intekenare vir een jaar en vyf vir ses maande; „Vriend van Die O.B." wat vier nuwe intekenare vir een jaar gewerf het; „O.B.-vrou" wat 'n proefeksemplaar vir 3 maande na 'n nuwe leser laat stuur; mev. Theron, van Koffiefontein, wat 'n proefeksemplaar vir 3 maande na 'n nuwe leser laat aanstuur; mnr. F. J. van der Bank, van Middelburg, Tvl., wat gesorg het vir een nuwe leser vir een jaar.

Mnr. F. N. Vermaak, van Ermelo, wat 'n nuwe leser vir ses maande gelewer het.

Mev. Naudé, van Rouxville, wat verantwoordelik is vir een nuwe leser vir een jaar; en mnr. J. P. Erasmus wat gesorg het vir een leser vir een jaar.

**Deur behulpsaam te wees met die verspreiding van Die O.B. het hierdie lesers bygedra tot die voorligting van die Ossewabrandwag se doelstellings. Op hierdie manier bou ons. Laat elke leser die goeie voorbeeld wat gestel is ywerig navolg.**

(Lesers wat nuwe intekenare werf moet asseblief in hul briewe meld of hulle name in Die O.B. gepubliseer mag word. Indien niks gesê word nie neem die redaksie aan dat die naam wel vermeld mag word.)

## Koördineerder Aangestel

Mnr. J. W. Higgerty, L.V., hoofsweep van die Verenigde Party het aangekondig dat daar nie 'n nuwe hoofsekretaris vir die party aangestel sal word in die plek van mnr. O. A. Oosthuizen wat onlangs bedank het nie. Die party se hoofkantoor is in afdelings verdeel, soos volg: organisasie en administrasie; jeugsake; fondsinsameling en inligting en navorsing.

Dr. F. J. van Biljon sal die werk van die verskillende afdelings koördineer.

## Koördinator

Mnr. E. H. Louw, minister van ekonomiese sake het aangekondig dat mnr. C. A. Cilliers, gewese voorsitter van die staatsdienskommissie, aangestel is as Koördinator van Voorrade. Sy taak sal wees om die verskeie beheermaatreëls te koördineer.

# NASIONALISME IS OP DIE AFDRAAND, WAARSKU A.K.G.

**Die Adjunk-K.G., mnr. J. A. Smith, rig onderstaande boodskap vir die nuwe jaar aan die Afrikanervolk en insonderheid aan die lede en vriende van die Ossewabrandwag:**

**Dit is vir ons nie nodig om te dink of te raai wat vir ons as volk en vir ons insonderheid as brandwagte in die nuwe jaar voorlê nie. Ons weet goed genoeg watter toestande reeds bestaan en dus watter take en pligte op ons wag en wat ons kan verwag en wat nie. En tog wag ons elkeen, een op die ander, om net die woord te spreek vir die aanpakking van die taak.**

**Een begeerte het ons almal wat meebring een plig, een stryd — nimmereindigend vir 'n volk, nooit onnodig en nooit ontydig, naamlik om vryheid te hê, vryheid in sy staatkundige betekenis. En hierdie vryheid, in daardie betekenis, word nie ruimer soos ons soms wysgemaak word nie, ook nie groter nie, maar, helaas, dit word geringer en kleiner.**

Is dit nie volkome waar dat rasse en nasies, sommige waarvan ons glad niks weet nie, skaars hulle bestaan ken; wat minder ontwikkel as ons is, en geen wêreldbetekenis het nie, vandag dié mate van staatkundige vryheid wat ons veronderstel is om te besit, betwis nie? Het ons nie ook vir hulle, as medelede van die sogenaamde V.V.O., seggenskap oor ons gegee deur ons toetreding tot daardie organisasie nie? Ons het, en dit help nie om hulle daardie seggenskap te misgun noudat hulle Herero's, Bantoes, Indiërs en wie ook teen ons oproep om te getuig nie. Vrywillig het ons saam om een tafel met hulle en in een bed gaan lê.

Voorts is ons gebind deur verpligtinge buite ons eie belange. Ons is minder vry as Swede of Switserland, want ons sit met die riem van die Britse Statebond om die nek. Nie hulle nie.

### AGTERKANT VAN AARDBOL

Is dit nie ook waar dat ons van die „vryheid" gebruik gemaak het om ons vas te koppel aan die Verre Oos-Asiatiese oorlog waaruit ons geen vryheid meer het om ons weer te onttrek nie? Ons sogenaamde vryheid het ons onvry gemaak deurdat ons saam met Engeland ons neus aan die agterkant van die aardbol gaan insteek het waar ons geen belang het of ooit kan hê nie. En waarvandaan niemand, wat daar oppermagtig is, weens daardie feit ons vryheid hier in Suid-Afrika kan skaad net omdat ons hom nie daar by voorbaat gaan doodslaan nie. Ons sit vas in 'n Koreaanse slagyster. Ons moet daaruit.

**Maar net so waar is dit dat ons vryheid om na omstandighede te handel verkrag is deur by voorbaat in vredestyd ons onherroeplik vas te bind om al ons bloed en goed in te stoot in 'n moontlike oorlog tussen Engeland en die Midde-Ooste.**

### KETTINGS WAT BIND

Ek weet nie of dit nodig is meer kettings te noem waarmee ons, soos die bekende Bobbejaan op die Paal, vasstaan nie. Maar daar is nog die republiek — as dit sover ooit kom — binne die British Commonwealth van dr. Malan. En ons geldkoppeling aan bankrot-Engeland. Ek sou meer kan noem as daar ruimte was.

**In Westbrooke nou, sit 'n vroeëre persoonlike vriend, groot Afrikaner en Nasionalis nie as simbool of instrument van ons volk se vryheid nie, maar as verteenwoordiger van die deur die swaard op ons afgepersde Engelse Koning en as sinnebeeld van sy oppergesag in die plek van 'n eie verkose President.**

### VOLKSVREEMDE STELSEL

Maar dit is nie net ons beperkte nasionale vryheid wat besig is om te verkrimp nie en wat ons luid tot die daad oproep en vir die Ossewabrandwag sy taak vir die jaar beklemtoon nie. Daar is ook die arsenaal van volksvernietiging, nl. die volksvreemde bestuurstelsel gegrond op die nimmereindigende volksverdelende partystelsel, 'n erfenis van die Britse Koning se swaard wat nou nog besig is, as 'n verswelgende kuil, om die Afrikaner met sy ideale te vernietig. Ons is nie vry nie. Ons is minder vry vandag as ooit.

Ons boodskap as wekroep bedoel aan alle lede van ons Volksbeweging is nie vir òf teen die dinge wat ons nie sien òf nie kan aanraak nie. Laat ons ons net bepaal by die dinge waarvan ons weet en wat ons sien. U en ek weet ons is nie vry nie. Ons is en word minder vry. Nasionalisme is ons op die afdraand.

### O.B. STERK MAAK

U en my plig is om te veg, te veg om vry te word. Ons moet ons beweging weer sterk en fier maak in die jaar wat voorlê. Ons pad loop anderkant die skaduweekloof deur.



Mnr. J. A. SMITH.

**Maar u het nie, om anderkant uit te kom, nodig ampers rekrute te gaan werf vir Korea, die Midde-Ooste, of stemvee vir 'n volgende verkiesing nie, maar vir 'n ontwaakte O.B.-organisasie, vry van party-intriges en party-twis wat manne en vroue weer tot ons geledere en onder die banier met die leuse: „My God, My Volk, My Land, Suid-Afrika," sal toevoeg.**

**Die taak en plig vir die nuwe jaar is duidelik en positief.**

**Die O.B. met sy leiding moet hom „uitsluitend en aktief bepaal by die bereiking van sy doelstellings," soos weer deur die Grootraad beklemtoon, naamlik „voortdurende kragtige propagering van die republikeinse staat," en die „praktiese stappe**

( (Vervolg op bladsy 6, kol. 5.)

DIE O.B., WOENSDAG, 9 JANUARIE 1952

# GELEENTHEIDSPOLITIEK MAG NASIONALISME NIE VERVANG NIE

Niemand weet wat die jaar 1952 in sy skoot bêre vir die mensdom nie. Die dinge wat sal wees is verborge, maar vir diegene wat ore het om te hoor en oë het om te sien is die dinge wat was en is geen geheim nie.

Die verhaal van ons tyd is een van mislukking, teleurstelling en verydeling. Die mensdom staan reddeloos op moedverloor se vlak. En in die modder wat stink getrap is deur die malende voete van dwalende miljoene ploeter die leiers van ons tyd nog steeds rond — slegs om niks te bereik nie en nêrens te beland nie. Net om dieper in die modder te sink.

**DEPRESSIE OF OORLOG**

**In die jare voor 1951 het die mensdom gevra: Sal daar oorlog wees of vrede? In 1951 is die flikkertjie hoop wat in die woord vrede geskuil het finaal uitgedoof. En vandag lui die moedelose vraag: Sal daar oorlog wees of 'n depressie?**

Die jaar wat verby is was die moondhede van die Weste se bewapeningsjaar. Namate Sowjet-Rusland, die leier en aanvoerder van die moondhede van die Ooste die atoomwapen ontwikkel het en sy tamaaie landmagte aangevul het met omvangryke lugmagte en 'n duikbootvloot wat onrusbarend sterk word, het die tempo van die Weste se bewapening versnel totdat dit vandag ontelbare miljoene ponde uit die nasies se skatkiste suig. Dit het twee gevolge. Eerstens, inflasie en uiteindelik depressie.

**Baie mense glo dat 'n oorlog slegs die depressie sal uitstel en dat as 'n oorlog nie gou uitbreek nie 'n depressie eerste sal uitbreek.**

**WESTERSE GEBREK**

Die wêreld se senuwees is ongetwyfeld in 1951 tot breekpunt toe gespan. Trouens die wêreld het op sy senuwees geleef. Wie se senuwees sal die langste hou en as iemand se senuwees breek wat sal die gevolge wees? Niemand weet nie.

**Die vernaamste gebrek van die Westerse moondhede bly nog steeds 'n gemeenskaplike doelwit, 'n grootse ideaal, waarvoor die gewone mense van talle volke bereid sal wees om met fanatieke ywer te veg.**

Die groot moondhede van die Weste jaag nog steeds hul eie selfsugtige doeleindes na, waardeur hulle binne die uitwendige Oos-Wes-spanningskring 'n inwendige Westerse spanningskring skep wat net so gelaai is soos die uitwendige een. En dit word moontlik gemaak omdat die gewone mense in die Westerse lande nie 'n gelykmakende idee het wat indiwidue en volke kan saambind nie.

**EKONOMIESE KREEFTEGANG**

Die onontbeerlike Europese eenheid bly nog steeds uit as gevolg van Brittanje se teenkanting daarteen. Dit blyk dat die regeringsverandering in Brittanje geen verandering in Brittanje se Europese beleid teweeggebring het nie. Brittanje weier nog steeds om Europees te dink. Hy kleef vas aan sy Statebond en sy Empire soos 'n neet aan 'n haar.

Die vernaamste kenmerk van die binnelandse politiek van die Westerse moondhede is die onmag tot ekonomiese stabiliteit en verbetering. Inteendeel die hele Weste gaan ekonomies die kreeftegang en die gewone mans, vrouens en kinders is die lydende partye.

**MISLUKKING**

Ja, mislukking is die sleutelwoord van ons tyd. Die oorlog het misluk. Die vrede het misluk. Nuremberg het misluk. Die V.V.O. het misluk. Konferensies misluk. Planne misluk. Regerings misluk om te regeer. Alles misluk. Net politieke partye misluk nie! Volgens partykoerante, oral in die wêreld, gaan die betrokke partypolitici en hul politieke partye altyd van krag tot krag en van sukses tot sukses. As dit nie so tragies gewees het nie sou 'n mens kon lag oor hierdie sotte propaganda.

Watter boodskap het die Ossewabrandwag vir die volk van Suid-Afrika? Die O.B. bring twee boodskappe.

**GEEN GELEENTHEIDSPOLITIEK**

**Eerstens. In die dolle wêreld waarin ons leef moet die Afrikanervolk vaster as ooit kleef aan sy nasionalisme. Nou, minder as ooit tevore, moet nasionalisme verruil word vir geleentheidspolitiek. En onder geen omstandighede moet geleentheidspolitiek deurgaan vir nasionalisme nie.**

Hierdie boodskap dra die O.B. ook aan die regering oor om ter harte te neem.

**Tweedens. Terwyl die O.B. met sy vinger wys na die sigbare en toenemende chaos, na alle kante toe, beklemtoon hy die noodsaaklikheid van hervorming en herskepping om orde te bewerkstellig. Niemand kan welsprekender pleit vir hervorming as die verhaal van ons tyd wat een is van mislukking, teleurstelling en verydeling nie.**

# Van die Os op die Esel

## Deur Sybrand

### *Wanneer Roer Ons?*

Sedert ons verlede jaar van mekaar afskeid geneem het, het ek 'n kort vakansietjie by die see deurgebring. Ek het dit terdeë geniet. Ek vertrou dat my lesers ook die ontspanning wat die wisseling van die jare aan ons almal bied, benut het. Nou kan ons weer met nuwe kragte die nuwe jaar ingaan.

Voordat ek iets oor die nuwe jaar sê (om in die mode te wees moet ek dit tog sekerlik doen) wil ek darem eers vertel van my vakansietjie by die see. Ek het 'n hele aantal O.B.-vriende daar raakgeloop, en almal wil net gesels — of liewer uitvra. Ek vind dit 'n goeie teken en ek verwelkom van ganser harte die belangstelling in die Ossewabrandwag wat ek ondervind het.

Die vraag wat byna elkeen aan my gestel het is die volgende: Wanneer roer ons dan weer? Wanneer gaan ons weer iets doen? Hoe lyk dit dan, wanneer begin ons weer veg? As die O.B.-mense met wie ek gesels het die gevoelens van die res van die lede en ondersteuners van die Ossewabrandwag vertolk, dan ly dit hoegenaamd geen twyfel dat die deursnee O.B.-lid vandag net een ding vra — en dit is aksie.

### *Dit moet O.B.-aksie wees*

Ek het my O.B.-vriende 'n bietjie geterg — eintlik omdat ek wou probeer om hulle gevoelens te toets. Op hulle navrae oor aksie het ek skertsend gesê: „Maar die H.N.P. en die A.P. het mos nou saamgesmelt en as julle wil aksie hê kan julle mos gaan maak en breek in die nuwe party." Ek was nooit teleurgesteld nie — elke keer het die betrokke O.B.-vriend die toets met vliegende vaandels deurstaan. Elke keer as ek van aksie in die nuwe party praat het my O.B.-vriende 'n vies trek op hul gesigte gekry en gesê: „Nee, wat, ek is klaar met politieke partye. Ek wil nie aksie in 'n politieke party hê nie; ek wil aksie in die Ossewabrandwag hê."

Dit is natuurlik volkome reg. Die Ossewabrandwag is 'n selfstandige volkspolitieke organisasie en hy moet selfstandige aksie neem.

Dit is lawwigheid om te dink dat die Ossewabrandwag kan voortbestaan en ooit sy doelstellings kan verwesenlik as sy lede gaan werk in en veg vir 'n politieke party. Indien die Ossewabrandwag wil voortbestaan en indien hy die ideale wat hy bely wil bereik sal elke leier en elke lid van die beweging moet werk en veg in die O.B. vir daardie ideale. En dit is klaarblyklik wat die O.B.-vriende met wie ek gesels het besef en wat hulle gretig is om te doen. Daarom verlang hulle aksie — O.B.-aksie, nie party-aksie nie.

### *Volk het O.B. nodig*

Ek het met 'n man gesels wat 'n generaal in die O.B. is. Hy het vir my gesê: „Elke tydperk wat 'n volk beleef, stel sekere eise aan sy nasionalisme. Die dinge waarvoor en waarteen nasionalisme vyf-en-twintig jaar gelede moes veg — selfs vyf jaar gelede moes veg, is nie dieselfde as die dinge waarvoor en waarteen nasionalisme vandag — in 1952 — moet veg nie. En skynbaar besef net die Ossewabrandwag dit. Die O.B. is vandag die enigste vertolker van moderne Afrikaner-nasionalisme. Die O.B. het 'n boodskap vir elke Afrikaner. Hy het die plig om daardie boodskap te verkondig. Waarom word daar dan so min of glad niks gedoen om hierdie boodskap aan elke Afrikaner af te lewer?

„Die O.B. moet die volk waarsku teen die nuwe Britse beleid van integrasie van die Britse Empire en Statebond wat bewerkstellig word deur nimmereindigende Londense kuiertjies en Empire-konferensies. Die volk se oë moet oopgemaak word — en net die O.B. kan dit doen — vir die dwase beleid van onvoorwaardelike deelname aan 'n derde wêreldoorlog saam met Amerika en Brittanje wat Suid-Afrika beveg omdat hy nie die liberalistiese gelykstellingsbeleid tussen wit en swart wil volg nie."

Hierdie generaal het vir my gesê: „Die Afrikanervolk het die O.B. vandag meer nodig as ooit tevore. Maar dan moet dit nie 'n dooie O.B. wees nie, wat agter 'n politieke party aandraf nie. Nee, dit moet 'n lewenskragtige O.B. wees wat selfstandig praat en doen."

Ek het met belangstelling en stygende waardering na hierdie offisier van die Ossewabrandwag geluister . . . want hy is reg, volkome reg.

### *Natuurlike Volkseenheid*

Ek het 'n interessante gesprek gevoer met 'n O.B.-vrou. Sy vra vir my: „Is dit die O.B. se taak om volkseenheid of party-eenheid te bewerkstellig?" Toe ek vir haar sê dat die O.B. hoegenaamd niks uit te waai het met party-eenheid nie, maar dat hy juis 'n volksbeweging is wat geroepe is om die natuurlike eenheid van ons volk te herstel nadat dit deur die partystelsel verskeur is, het sy vir my die volgende pertinente vraag gevra: „Is dit korrek om te sê dat met die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. daar ,volkseenheid op parlementêre terrein' bereik is?" My antwoord aan haar was dat so 'n stelling heeltemal verkeerd is. Dit is propaganda — nie waarheid nie. Met die samesmelting van die twee politieke partye is groter party-eenheid bereik. Die beskrywing van die partye se samesmelting as „volkseenheid op parlementêre terrein" is niks anders as 'n propagandistiese omseiling van die minder aanneemlike maar korrekte beskrywing, nl. party-eenheid.

Toe het hierdie O.B.-vrou instemmend geknik terwyl sy gesê het: „Ja, dit is reg. Ons het vroeër so dikwels gehoor dat dit die O.B. se taak is om die „organiese" eenheid van die volk te bewerk. Die O.B. moet voortgaan om vir daardie volkseenheid te pleit — wat vanselfsprekend partyloosheid veronderstel."

### *Weg van Partye*

Oor 'n koppie tee het 'n ander O.B.-lid aan my gesê: „My liewe man, ek is O.B. en ek sal O.B. sterf. As die O.B. as O.B. wil voortgaan dan gaan ek saam met hom voort. Maar as die O.B. vir my wil teruglei na 'n politieke party, sal hy dit nie regkry nie. Dan is die O.B. ontrou aan homself, en kan hy, sover dit my aanbetref, maar gerus ontbind." Ek het my vriend gerusgestel en hom verseker dat die O.B. hom geensins wil terugdie na politieke partye toe nie. Inteendeel, op sy jongste sitting het die Grootraad die Ossewabrandwag geheel en al onttrek aan die partypolitiek en hom opgedra om die stryd teen die partystelsel voort te sit.

Dit is soos my O.B.-vriende, wat ek op my vakansietjie by die see raakgeloop het, gesels. Ek dink ons voel maar almal net soos hulle. Maar dit is dikwels 'n riem onder die hart om te weet dat jou buurman dit roerend eens is met jou. Daarom het ek vertel wat die O.B.-vriende gesels.

### *O.B. moet Stryd aandurf*

Wat sal die jaar 1952 vir die Ossewabrandwag oplewer? Dit weet niemand nie. Maar gelukking weet almal wat die O.B. in 1952 moet doen. Hy moet aan die werk spring; intekenare werf op Die O.B.; die kommando-organisasie opknap; en sy boodskap helder en luid verkondig. Die O.B. moet die stryd aandurf. Dit is wat hy in 1952 moet doen.

Derhalwe verwag die Ossewabrandwag dat elke O.B.-lid sy of haar plig sal doen — dat elkeen in die nuwe jaar sal werk in die O.B. en vir die O.B.

Twee dinge moet O.B.-lede tog nie doen nie.

Moenie wag vir die ander man om te begin werk nie en bowenal moenie in die pad staan van die ander man wat wil werk nie.

Twee dinge moet O.B.-lede beslis doen. Begin self werk en begin dadelik werk.

As elke O.B.-lid hierdie voorskrifte volg, sal 1952 — die tweede sewende jaar van die O.B. se bestaan — ongetwyfeld die vrug-op-die-arbeid-jaar van die O.B. word.

### *Geluk met 1951 se Werk*

Uit George het ek 'n waarderende brief van 'n leser ontvang, waarvoor ek my hartlike dank uitspreek. My leser skryf onder die naam „Bittereinder." Sy breif is verlede jaar al geskryf (16 Desember) maar ongelukkig het dit my bereik nadat die laaste uitgawe van die jaar reeds verskyn het. Dit is nou die eerste geleentheid wat ek kry om dit te plaas. Sy brief lui:

„Net waar ek met lesers van Die O.B. in aanraking kom, spreek hulle met waardering van die blad. In besonder word die stukke van „Ski", „Die Os Op Die Esel," dr. Strasser se artikels en nuusbrokke uit alle dele van die wêreld baie waardeer. Langs hierdie weg moet die blad uitbou.

„Ek wil julle van harte gelukwens met die jaar 1951 se werk.

„Baie geseënde Kersfees en 'n gelukkige 1952. Mag dit 'n jaar van uitbreiding en seën vir die gedagtes van Die O.B. en sy redaksie wees."

Dit is vir my baie strelend om te hoor dat lesers van Die O.B. die blad waardeer — waht hoe meer sy lesers die blad geniet hoe meer lesers sal die blad vind. En so groei 'n blad.

### *Bekend Maak Bemind*

Die ou spreekwoord sê: onbekend maak onbemind. Ek dink dat dit ongelukkig ook van Die O.B. gesê mag word. My eie ondervinding is dat daar talle en talle Afrikaners is wat nie weet van Die O.B. se bestaan nie en hoegenaamd niks weet van Die O.B. se inhoud nie. Praat 'n mens met hulle oor Die O.B. dan neem hulle 'n onverskillige houding in teenoor die blad.

Maar nou het ek ook uitgevind dat hierdie mense se houding heeltemal verander sodra hulle met die blad kennis maak en hom lees. Dan begin hulle belangstel en word hulle gewillig — dikwels selfs gretig — om 'n gereelde leser van die blad te word. Die rede is voor die hand liggend. Al die koerante wat in ons land beskikbaar is, is per slot van sake maar voëls van eenderse vere. Die nuus wat hulle voorsit is maar dieselfde. Die een is soos die ander. Dis finkel en koljander, dis Verenigde Party en Nasionale Party.

(Vervolg op bls. 3, kol. 3.)

# DIE MOEDIGE VOLK VAN FINLAND

**Die Finse volk, wat viermiljoen tel, het die wêreld al meer as een keer hulle ore laat spits. Hulle is nie alleen goeie sportmanne en werksmense nie maar wel ook stiptelike betalers. Maar bowe-al is hulle moedige soldate en vryheidsliewende mense.**

**Ons onthou nog almal hoe die klein Finse leër teen 'n tienvoudige oormag in die winter van 1940-'41 die Russiese leër verpletter het. En in die ekonomiese sfere het Finland alreeds een keer bewys dat hy in staat is om wonders te verrig. Na die Eerste Wêreldoorlog het Finland al sy skuld, tot op 'n pennie en 'n oortjie, betaal.**

Vandag nadat Finland deur die Russe verower is belewe ons vir die tweede keer dat Finland dit reggekry het om sy reparasies amper af te betaal ofskoon buitelandse finansiële deskundiges dit as onmoontlik beskou het.

As ons daaraan dink dat die Finne vir elke duisend skeepstonnemaat wat hulle vir Rusland moet bou net 3.5 miljoen Finnmarke kry, waar die skip vir hulle self 40 miljoen Finnmarke kos dan bly ons verstand staan en ons kan dit nie begryp nie.

### WIL VAN YSTER

Die Finne is nie alleen 'n moedige volk nie; hulle het 'n wil van yster en die Russe het nie daarin geslaag om die wil te breek nie.

Gewoonweg en met hulle wil van yster het hulle aan die werk gegaan. Hulle het nuwe industrieë opgebou en mans sowel as vrouens aan die masjiene gestel; hulle het dag en nag gewerk en daardeur alles reggekry.

### HARDE WERK

Ons moet die moed en die krag van die klein volkie, naby die ysmeer waaragtig bewonder. Tien jaar lank werk en sweet hulle vir die vyand sonder om die regte betaling vir die werk te kry, sonder dat hulle goeie en genoeg kos vir hulle salarisse en lone kan koop, maar hulle werk en hulle wag vir die oomblik wanneer die slawerny verby sal wees.

Dit is 'n bewonderenswaardige standvastigheid. En dit beteken dat die Finne baie goeie senuwees het om in 'n politieke stryd, waar die vyand alle troefkaarte in sy hand het, nog 'n helder kop te behou.

### GEEN ANGS

Die Finne het een sterk voordeel teenoor alle ander Russiese satellietvolke. Hulle het 'n honderdjaar-oue ervaring in die omgang met Russe. Die

### Deur Ski

Finne weet dat 'n mens vir die Russe alles mag wys — maar nie angs nie. En die Finne het waaragtig geen angs nie.

So is Finland in die kring van satellietstate werklik 'n uitsondering. Die Finne beskou die eie besluite wat hulle neem as 'n vryheid teenoor die Pole, Hongare, Romeniërs, Tsjegge en Slowakke. Die Finne voel selfstandig ofskoon die Russe in hulle land is.

Die Finne het in die oorlog baie gely. Daar was meer as 100,000 gesneuweldes en meer as 30,000 swaar gewondes. 450,000 vlugtelinge uit Karelien het die land binne gestroom.

### SOSIALE HULP

Die Finse regering het alle onmoontlike dinge moontlik gemaak en reggekry. Finland het 50,000 nuwe boereplase ter beskikking gestel. Huise, skure en masjinerie het die boere saam met die plase gekry. Daar is ook 50,000 klein plasies met huise en masjinerie aan die kleinboere afgestaan. So het vandag elke Fin 'n dak oor sy kop.

Die werkers in die fabrieke kry elke jaar ses weke vakansie. Vir die werkers is vakansiedorpe met meer as 200,000 beddens opgebou.

Elke kind wat gebore word kry 'n komplete baba-uitrusting en 'n wiegie. In die sosiale hulp vir die volk sien die Finse regering sy hoofwapen teen die kommunisme.

### DIE FINSE VROU

Maar die Finse wonder sal ontmoontlik gewees het as die Finse vrou nie daadbereid aangepak en saamgewerk het nie. Meer as 40 jaar gelede het die vrou in Finland gelykberegtiging verkry. Sedert die tyd het die vrou gehelp om Finland op te bou en hulle is daarby vasberade om van Finland 'n modelstaat te maak.

Finland het twee prominente vrouens wat in die politiek van die land 'n groot rol speel. Die eerste is Tyne Leivo-Larsen wat aan die Arbeiderparty behoort. Haar kalm en logiese redenering het dit reggekry dat die Arbeiderparty die grootste vroue-organisasie in die land het. Vrou Leivo-Larsen werk vir die regering as hoof van die sosiale departement.

Die ander vrou is Herta Kuusinen. Sy is 47 jaar oud en die leier van die kommunistiese party. Haar pa wat voor die oorlog uit Finland, na Rusland, gevlug het behoort aan die hoogste Sowjet van Rusland.

### MOSKOU SE HANDLANGER

Herta Kuusinen is 'n uitstekende en intelligente vrou. Nege jaar het sy in tronke deurgebring maar hulle het dit nie reggekry om ook net 'n bietjie van haar energie te breek nie. Twee keer was sy getroud. Haar eerste man was Tuure Lehen wat 'n offisier in die Russiese leër was. Haar tweede man was Yrjö Leino land se sterk man in Finland. Maar Leino het in Moskou in ongenade geval vanweë sy Titoisme. Herta Kuusinen het haar man vir politieke redes laat vaar en is van hom geskei. sy self bly Moskou getrou.

Ofskoon die kommunistiese party in Finland net 3,000 lede het beskou die Finse regering Herta Kuusinen en die 3,000 kommuniste as 'n baie ernstige gevaar omdat Herta Kuusinen gereed is om met die hulp van die Russe deur 'n staatsgreep aan die mag te kom.

### GESLEPE DIPLOMAAT

Hierdie moontlikheid word bevorder deur die ontslag van die Russiese gesant-generaal in Finland, Savonenkov. In sy plek is Lebedew aangestel. Gesant Savonenkov was wel 'n streng offisier en amptenaar maar hy was geen vyand van die Finne nie. Sy opvolger Lebedew is 'n geslepe diplomaat en word met spesiale instruksies na die lande gestuur waar die Russe dit vir noodsaaklik hou dat die lande meer „pro-Russies" sal wees.

## Van die Os op die Esel

(Vervolg van bls. 2, kol. 5.)

Die O.B., egter, is anders. Die blad laat 'n nuwe geluid hoor. Sy andersoortigheid is aantreklik en interessant. Die blad is uitgesproke en derhalwe altyd prikkelend. Wie hom lees is vir hom of téén hom.

Die lesers van Die O.B. moet derhalwe help om die blad bekend te maak, te versprei, intekenare te werf. Want die omgekeerde van die spreekwoord, wat ek aangehaal het, is gelukkig ook waar van Die O.B., nl.: bekend maak bemind.

# STERK GEBIED VAN BRITSE INVLOED

**In 1952 sal die finale besluit oor federasie in Midde-Afrika geneem word, het sir Godfrey Huggins, eerste minister van Suid-Rhodesië in Salisbury verklaar.**

**Hy het gesê dat dit nie alleen die toekoms van Suid-Rhodesië en die twee noordelike gebiede is wat in die smeltkroes is nie. Elke deel van Afrika waar blank en nie-blank besluit het om langs mekaar te leef en saam te werk sal daardeur geraak word.**

Voortgaande het hy gesê: „Dit ly geen twyfel nie dat ons 'n sterk gebied van Britse invloed in Midde-Afrika moet opbou en om ekonomies sterk genoeg te wees om van die druk van buite vry te wees, moet ons ons bevolking laat toeneem."

### GELYKSTELLING

Daar is sterk aanduidings dat die gevestigde blankes in die betrokke gebiede ten gunste is van federasie omdat hulle hoop om hulle leierskap daardeur te versterk of minstens te verleng. Maar daar is ewe sterk aanduidings dat die Britse regering vasberade is om sy gelykstellingsbeleid tussen wit en swart — die sogenaamde beleid van vennootskap — op die beoogde federasie af te dwing, geleidelik of andersins.

### UNIE SE BELANGE

Die kleurbeleid van 'n sterk en bevolkingsryke gebied aan sy noordergrens is 'n saak van aktuele belang vir Suid-Afrika. Die toepassing van die Londense gelykstellingsbeleid tussen wit en swart in Afrika of in belangrike dele van Afrika bots met die lewensbelange van Suid-Afrika.

Dit is derhalwe elke Suid-Afrikaanse regering se plig om onomwonde te verklaar wanneer en onder watter omstandighede die Unie se belange in Afrika bedreig word. En om op te tree teen sodanige bedreiging.

# AMERIKANER DREIG DIE BRITTE OOR EUROPESE EENHEID

**Senator Theodore F. Green, wat aan die hoof gestaan het van 'n afvaardiging van die Verenigde State se Senaat en Huis van Verteenwoordigers, wat onlangs die sitting van die Europese Vergadering (of Parlement) in Straatsburg bygewoon het en samesprekinge met lede van die Vergadering gevoer het, het op 'n perskonferensie in Washington die moontlikheid bespreek van Amerikaanse druk op die hulpbehoewende lande van Europa om hulle vir Europese eenheid te beywer, skryf Die Volksblad se Redakteur Buiteland.**

En as van die lande van Europa gepraat word, word natuurlik veral aan een land gedink, wat nogal deur baie mense beskou word as nie behorende tot Europa nie. Dit is Brittanje, wat hom tot dusver nog konsekwent teen die beoogde Europese federasie gekant het en wat nou juis groot behoefte aan Amerikaanse geldelike hulp het — volgens onlangse berigte in die Amerikaanse pers wil hy binne die volgende ses maande 600 miljoen dollar hê.

### BRITSE HOUDING

Green het verklaar dat hy die indruk gekry het dat die vrye lande van Europa, met die uitsondering van Brittanje, tans nader aan federasie staan as ooit tevore. Daarop het hy laat volg dat hy nie graag wil aanneem dat onlangse verklaringe van Britse leiers, ten effekte dat Brittanje tans nie geneig is om aan 'n Europese politieke federasie deel te neem nie, Brittanje se finale houding weergee nie.

### GEEN HULP

Voortgaande het hy egter daarop gewys dat die Verenigde State se Wet op Onderlinge Veiligheid wat vir die verlening van militêre en ekonomiese hulp aan die lande van Europa voorsiening maak, uitdruklik bepaal dat die geld wat toegestaan word, gebruik moet word om die ekonomiese en politieke federasie van Europa te bevorder.

**„As enige Europese land wat nou Amerikaanse hulp ontvang, onwillig is om stappe te doen om Europese ekonomiese en politieke federasie te bevorder," aldus sen. Green, „kan van die Verenigde State nie verwag word om daarmee voort te gaan om hom te help nie. Daar kan heel tereg geargumenteer word dat die regering eenvoudig nie die reg het om so 'n land verder te help nie, met die oog op die uitdruklike doelstelling in die betrokke wet."**


Beter Tabak *

maak Beter Sigarette




Kommando

Suid-Afrika se

gewildste sigaret

* Die Vervaardigers van Kommando is die grootste verbruikers van Suid-Afrika se eerstegraadse tabak.

GI-3070A

**TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:**

**Huishoudelike Kennisgewings:**

(Verlowing, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 1d. per woord; minimum 2/6 per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Handelsadvertensies:**

Eerste plasing 2d. per woord. Vir herhalings 25 persent afslag.

**Intekengeld op „Die O.B."** (verskyn weekliks): 12/6 per jaar of 6/3 per 6 maande. Vooruitbetaalbaar. Stuur advertensiegeld, bestellings en intekengeld na **VOORSLAG (EDMS.) BPK., Posbus 1411, Kaapstad.**

### DOODBERIG

MEEDING.—Verhuis na sy Hemelse woning op 24 Desember 1951, ons geliefde vader en grootvader, Hendrik Pieter Warnich, na 'n lang lyding waarvan die laaste dae onbeskryflik smartlik was. Daar's bemindes in die Hemel. —Die bedroefde kinders, T. en J. Theron en gesin. Koffiefontein. 9/1/52

### MEUBELS

**MEUBELS.**—Beter Meubels teen billiker pryse. Babawaentjies, stootkarretjies, driewiele, linoleums, tapyte, ens., ook altyd in voorraad. Geen katalogus. Meld waarin u belangstel. — **VISSER-MEUBELS, Langstraat 179, Kaapstad.** 3/12/11

Vir Meubels en Radios Phil Morkel is u man!

**Besoek ons Tak in die Wandelgang, Groote Kerk-gebou, vir Radio's, Elektriese Toestelle en Meubels. Skryf aan ons Posbestellingsafdeling, Phil Morkel, Posbus 2721, Kaapstad.**

### RADIO

**LOUW EN LOUW,** die Beroemde Radio-ingenieurs, **Stasieweg, Parow,** verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektrisiteitsaannemers. Foon 9-8435.

### MEDISYNE

Verwyder die wortel van u kwaal of siekte en herstel u regmatige erfenis GESONDHEID. Ons beskik oor die middels en behandel alle siektes. Skryf, inligting gratis. — **BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, Johannesburg.** A1/9/49

**Duisende is reeds van hulle kwale bevry.** Talle vind daagliks baat. Waarom sal u langer ly? Skryf dadelik. Raadpleeg **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** (Nr. 3)1/9/49

### GRYSHARE

**GRYSHARE herstel, skilfers verwyder, haregroei bevorder, jongvoorkoms verseker, dit waarborg GRYSHAARWONDER, die jongste kunsmatige wêreldwonder haar- en kopvel voedingsmiddel u, skadeloos, kleurstofvry, 5/- per bottel geld met bestelling. Boeregeneesmiddels, Posbus 4272, Johannesburg.** C/1/9/49

**ANTIGRYS herstel gryshare en baard** tot natuurlike kleur. Geen kleurstof. Verwyder skilfers, laat hare groei, ens. Gewaarborg of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Kontant met bestelling. **Die Boerevrou, Posbus 7559, Johannesburg.** E14/6/50

### HORLOSIES EN BRILLE

**H. J. STEYN, De Villiersstraat 17, Vasco, K.P.**—Vir horlosies en brille. Verkoop en repareer. Persoonlike aandag. 19/9/TK

## BRILLE

Bring u oogarts se voorskrifte vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT
OOK IN VOORRAAD

**Die Voortrekker-Apteek**

Kerklaan, KAAPSTAD
Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN

Besoek ons of skryf om besonderhede

## Teken in op DIE O.B.!

**Suid-Afrika** is vandag 'n **Koninkryk** onder 'n **Britse koning:**

DIE O.B. veg vir 'n **Republiek** onder 'n **Afrikaanse President.**

DIE O.B.

- Verwerp die **Partystelsel** wat die volk verdeel en veg vir die **Partylose Eenheidstaat.**
- Verwerp verteenwoordiging deur **handlangers van politieke partye en veg vir regering deur vrye volksverteenwoordigers en deskundige beroepsverteenwoordigers.**
- Verwerp die **Kapitalisme** en **veg vir 'n Afrikaner-volksekonomie.**
- Verwerp die politieke, maatskaplike en ekonomiese **integrasie** van die nie-blanke en veg vir **territoriale apartheid.**

DIE O.B. wil 'n vrye, eensgesinde, en welvarende S.A. bou.
DIE O.B. se ideaal is ook u ideaal. Help om dit te verwesenlik.

### Intekenvorm

*Neem asseblief my naam op as intekenaar op „Die O.B." tot ek u in kennis stel om toesending te staak.*

*Hierby ingesluit vind u die bedrag van*..............................

..............................*vir die eerste*..............................*maande.*

*NAAM*..............................
(Naam en Adres in Blokletters)

*POSADRES*..............................

..............................

..............................

..............................
*Handtekening.*

**Intekengeld: 12/6 per jaar of 6/3 per halfjaar.**

**Voeg asseblief Kommissie by plattelandse tjeks.**

## *Ander Se Menings*

# Samewerking in Afrika

**In 'n kragtige pleidooi vir samewerking in Afrika skryf Die Volksgenoot, die enigste Afrikaanse koerant in Suid-Rhodesië o.m. soos volg:**

„In 'n oorlog tussen Rusland en sy volgelinge en die Weste, sou Europa en die Statebond min kragte te spaar hê om Afrika te help. Engeland, Frankryk, België en die res van Wes-Europa, sal elke spier moet span om die tuislande te verdedig en sal moontlik swaar getref word deur die stryd. Amerika, Kanada en sodanige hulpkragte as wat hulle kan monster, sal hul uiterste moet doen om die vyand te keer waar sy aanslag die hewigste is en sal waarskynlik min kan doen om voedsel, nywerheidsware of ander hulp te verskaf aan lande wat hul bes moontlik beskou in die lig waarin ons 'n klein Suid-Amerikaanse staat sien.

### ONRUS STOOK

„Die omvang van die Russiese vloot en veral van die duikbootvloot wek die vrees dat oorsese handel weer soos in die afgelope oorlog — of moontlik weens die atoombom tot 'n veel groter mate — aan bande gelê sal word. Die Rhodesiës moet dus op die moontlikheid bedag wees dat hulle feitlik geheel afgesny kan raak van die wêreld buite Afrika.

„Tegelyk sou 'n oorlog teen Rusland waarskynlik in die Westerse wêreld vyfde kolonne te voorskyn roep op 'n skaal wat nog nie te vore geken is nie. In Afrika is dit te wagte dat die grootste moontlike mate van onrus en opstandigheid onder die naturelle gestook sal word.

### VRIENDSKAP

„Ook ten opsigte van sy binnelandse vraagstukke sal Sentraal-Afrika op eie kragte moet steun of moet staat maak op die hulp wat binne Afrika verkry is.

„Die moontlikheid — en klaarblyklik is oorlog teen Rusland geen vergesogte moontlikheid nie — dat Sentraal-Afrika in hierdie moeilike posisie kan beland, vereis die grootste bereikbare mate van vriendskap en samewerking in Afrika.

„Eendragtigheid ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling en militêre voorbereidsels is onontbeerlik met die oog op die onsekere toekoms. Die blankes van Afrika moet mekaar vind wat betref hul beleid ten opsigte van die nie-blankes — beleid wat in alle geval meer in woord as in werklikheid verskil."

## Fascisme Wen Veld

**In 'n oorsig van die jaar 1951 verklaar adv. Oswald Pirow in sy Nuusbrief o.m. dat dit 'n slegte jaar was wat die binnelandse aangeleenthede van die Westerse volke en veral van die demokraties-bestuurde volke betref. Hy sê:**

„Die wêreld het in die afgelope jaar tog weer meer en meer fascistiese geword. Die harde noodsaak bring 'n algemene heroplewing van die fascistiese idee mee. In Duitsland en Italië het dit baie vinnig gegaan omdat dit hier moontlik was om 'n resente verlede te vergelyk met 'n alarmerende hede. Die klinkende oorwinning wat Peron in Argentinië behaal het ten spyte van die operette-rewolusie wat Amerika op die vooraand van die verkiesings daar aan die gang gesit het, en die neerlaag van die liberales in die Filippyne het die gemoedsrus van die V.S.A. en Australië blykbaar danig versteur en dit is harde neute vir die demokratiese ideale wat 'n vyf jaar gelede so seker van hulle triomf was. Die fascistiese regimes van Portugal, Spanje en Joegoslawië moet met teensin maar kragdadig versterk word ter wille van kollektiewe veiligheid."

Voorts skryf adv. Pirow dat daar in 1951 vir Rusland geen aanmerklike verliesposte aan te teken is nie. Hy verklaar:

„Skynbaar onverskillig vir enigiets wat buite sy eie direkte invloedsfere aangaan, het Rusland onverstoord voortgegaan met sy ondermyningswerk in die Westerse wêreld. Die mees in die oog springende resultaat van hierdie ondermyningswerk is die aansienlike uitbreiding van die neutraliteitsgedagte in die Europese lande. Neutraliteit sal in die praktyk neerkom op 'n beleid om op die oomblik van agressie geen verdedigende aksie te neem nie en dan alle beskikbare mensekragte saam te trek vir 'n latere bevryding. In vorige jare was dit byna net in Duitsland waar die houding ingeneem is veral deur Duitse soldate. In die loop van hierdie jaar het daar 'n roerende eensgesindheid in Frankryk ontstaan tussen die sterk aanwassende Pétaingedagte en dié van sy teenstrewe, De Gaulle, met betrekking tot neutraliteit en die nutteloosheid van verdediging. Dat dit kon gebeur in dié lande en in hierdie jaar waarin die getalsterkte van die kommunistiese partye so geweldig geslink het, bewys dat daar nog ander invloede en oorwegings in aksie is behalwe die Russiese.

## Weerkunde Verouderd

**„Ons word telkens en weer meteorologies op die verkeerde voet gevang. Ons weerkundige berekenings word gebaseer op en ingepas by 'n stelsel wat drie-, vierhonderd jaar gelede aangevoor is," skryf mnr. C. J. J. du Toit, die Weerprofeet van Andalusia in Die Landstem. Hy vervolg:**

„Die tyd en energie van die briljantste breins van ons tyd word verbeusel om die bewegings van lugmassas, fronte ens., op die kaart in grafieke te stel en die afgelope week se weersgebeure die volgende week aan die boer op te dis— wanneer sy kalf reeds verdrink is.

### WEET NIKS

„Van die oorsake agter daardie gebeure (uiteindelike of fundamentele oorsake) weet ons niks; en die ad hoc weerkundiges, hoe briljant ook al, kan in hierdie rigting nie die nodige aandag in hul studie gee nie, omdat hulle met duisend-en-een benullighede oorlaai en stiefmoederlik bejeën word—en hulle dag ook maar 24 uur tel.

### CINDERELLA

„Feit is dat Suid-Afrika, wat meer dan enige ander land ter wêreld, van die weer afhanklik is, nòg die betekenis nòg die waarde van 'n behoorlik georganiseerde weerkundige diens besef.

„Soos die landbou- en veeteeltbedryf geslagtelank die verwaarloosde Cinderella van hierdie land was, sò bly die weerkundige diens dit nog steeds; en bly die boeregemeenskap, wat die proviandmeesters van die volk is, aan die weerkundige front blootgestel aan 'n gevaar wat onverbiddelik sy dood gaan meebring — tensy die Staat tydig ingryp.

### DROOGTE

„Daar word geweeklaag dat die platteland ontvolk, dat die boeresamelewing tot 'n benullige 25 persent van die volksgetal geslonke is, maar die tragiese oorsaak agter hierdie beweging, nl. droogteteistering, word òf nie gesien nie òf geïgnoreer."

# LOF VIR HOUDING VAN GROOTRAAD

**Mnr. F. N. Vermaak, Ermelo skryf:**

Ek voel verplig om my dankbaarheid uit te spreek oor die houding wat die Grootraad van die Ossewabrandwag inneem onder die huidige omstandighede.

Daar was 'n tyd dat ek bevrees was dat ek alleen gaan agterbly na die samesmelting van die H.N.P. en die A.P. Maar ek is bly dat die O.B. bly staan soos hy begin het en dat niks hom kan akskrik of laat verander van koers nie.

Wat vir my so treffend is, is dat elke ou kameraad wat ek teëkom en met wie ek praat nog net so rotsvas staan soos ek hulle geleer ken het. Ek praat natuurlik nie van diegene wat net in mooiweertyd by ons staan nie; ek het hulle in die afgelope oorlog al leer ken.

## Soos Ons Lesers Dit Sien

O.B.-stryders moenie verslap nie. Hou aan om te veg vir wat reg en edel is. Ons stryd moet en sal beloon word. Ons het die jare wat verby is deur gestry. Ons sal die nuwe jaar ook deur veg.

## Wil Stryd Voortsit

**Mnr. F. Ackerman van Elders skryf:**

As leser van u blad en as republikein stuur ek u £1. Gebruik dit om die republiek te propageer — die republiek wat afgeskei is van die Britse Statebond want dié kan en mag ek nie aanvaar nie.

## Werf Nuwe Intekenare

**Mnr. T. P. Erasmus, Heidelberg, Tvl. skryf:**

Dit is 'n uitstekende plan om nuwe intekenare vir ons blad te werf, want daardeur sal die O.B. se partylose staatstelsel baie doeltreffender gepropageer kan word. Dit kom dikwels onder my aandag hoe oningelig die meeste mense nog omtrent die O.B. is. As elke O.B.-lid ten minste een intekenaar werf sal die resultaat 'n verdubbeling van die O.B.-sirkulasie meebring. En dit kan maklik gedoen word.

Ingesluit vind u my tjek (13/-) as intekengeld op Die O.B. vir 'n nuwe leser.

# TRIEST — SLAGOFFER VAN DIE WÊRELDPOLITIEK

(Ons Duitse Korrespondent)

**Binne twee uur is die trein van Venesië (Italië) in Triest — aan die grens tussen Oos- en Wes-Europa. Nog een kilometer ooswaarts, agter die kaal heuwels van Opicina, en daar staan die grensposte van Tito. Aan die weskant rol die Engelse en Amerikaanse pantserwaens op maneuver. En onder, aan die spits van die Adriatiese See lê Triest — triestig en eentonig met 'n baie moderne maar helaas uitgestorwe hawe.**

Deur die onherbergsame heuwelland van Opicina loop die grens tussen Oos- en Wes-Europa. Tot een van die indrukwekkendste grensmerke aan die Wes-Europese kant behoort die meer as elfhonderd hout kruise — 'n Duitse soldatekerkhof uit die jaar 1945. Hier lê meer as driehonderd Duitse soldate in massagrafte, sonder rang en selfs sonder naam. Die rampspoedige wyse waarop hierdie soldate teen die end van April 1945 'n afskuwelike dood gevind het, is bekend. Hulle is deur 'n onmenslike Joego-Slawiese soldategroep en hul partisaneaanhang ontwapen en lewendig in die diep skeure van Opicina gegooi. Heelwat later, veels te laat om elke soldaat nog te kon identifiseer, is hulle stoflike oorskot in die massagrafte van Opicnia ter aarde bestel. Op die hout kruise staan slegs vermeld: Sestig Duitse soldate, 1945 of sewentig Duitse soldate, 1945. Dit is al.

### VRYSTAD

Triest, wat vroeër die middelpunt van die hele handel tussen Sentraal-Europe en die Nabye en Midde-Ooste was, het tot 1918 aan die Oostenrykse Donoumonargie behoort, wat die stad tot rykdom en welvaart gevoer het. Deur die Italiaanse vredesverdrag van September 1947 is Triest (saam met die skiereiland van Istrië) van Italië afgeskei en tot 'n vrye gebied verklaar (die skiereiland van Istrië is aan Tito oorhandig). Maar hierdie vryheid het die verregaande verarming van Triest teweeggebring. Twee tot drie handelskepe per maand is al wat oorgebly het van die eertydse luisterryke lewe in die hawe van Triest. Triest het sonder twyfel die slagoffer geword van die verskeuring van Europa en van die verskeuring van sy eie lewensgebied. Triest bestaan tans uit twee gebiede. Gebied A is 222 vierkante kilometer groot met ongeveer 320,000 inwoners en dit staan onder Engels-Amerikaanse militêre bestuur. Gebied B is 516 vierkante kilometer groot met ongeveer 70,000 inwoners en dit staan onder die militêre bestuur van Tito.

### AMERIKAANSE HULP

Sedert 1945 het Triest enorme militêre steun van Amerika ontvang; soveel as 62 dollar per hoof van die bevolking en daarbenewens is die hawe, wat deur oorlogsverwoesting swaar getref is, met Amerikaanse geld, tot een van die modernste hawens van Europa opgebou. Ten spyte van al die hulp kon nie reggekry word om Triest op sy eie bene te laat staan nie. Wat lewensnoodsaaklik vir Triest bly is 'n agterland. Daarsonder kan Triest as die middelpunt van die skeepsverkeer tussen Suidwes-Europa en die Balkanlande nie bestaan nie. Maar tussen Wes-Europa en die Balkanlande het Sowjet-Rusland die ystergordyn neergelaat; Oostenryk verkies vandag die goedkoper Duitse verkeersweë; en Tito het intussen in Fiume 'n eie moderne hawe laat bou.

### LATENTE SPANNING

Die ou glans van Triest is verdof. In die stad het dit stil en op die kaai van die hawe het dit byna doodstil geword. En tog Triest moet vry en neutraal bly het die Sowjet nog enkele weke gelede in 'n nota geëis. Die regering in Moskou weet waarom Triest nòg geheel nòg gedeeltelik aan Italië teruggegee of by Joego-Slawië gevoeg mag word. Dat die vrystad Triest onmoontlik in sy eie lewensbehoeftes kan voorsien en alreeds in 1945 sonder Amerikaanse hulp sou verhonger het, interesseer die Kremlin glad nie. Al wat belangrik vir die Sowjet is, is dat die latente spanning tussen Italië en Tito moet voortbestaan en daartoe bied die vrystad Triest die allerbeste kanse.

### INVALSPOORT

Maar daar is nog 'n ander en nie minder belangrike rede nie waarom die vrystad Triest vir Moskou so 'n groot bekoring het. Die vrystad is 'n maklike invalspoort na Wes-Europa. Vanaf Hongarye tot by die laagvlakte van bo-Italië sal vir die rooi pantserwaens net 'n heen-enweertjie wees. Hierdie bedoeling blyk duidelik uit die jongste Sowjet-nota waarin trouens „die opruiming van die onregmatige Brits-Amerikaanse militêre en vlootbasies in Triest" geëis word. 'n Triest onder die gesag van Italië of van Tito sou 'n ergerlike hindernis vir die Sowjetplanne wees, soos die ontwikkeling van die afgelope aantal jare duidelik laat blyk het. Want sowel Italië as Tito het, ten spyte van die Sowjet se pogings, 'n negatiewe houding teenoor hom ingeneem en hulle sal hierdie houding voorlopig skynbaar handhaaf. Met hierdie feit hou Moskou deeglik rekening en dit is ongetwyfeld die rede waarom die onlangse Russiese nota oor 'n vry Triest in die geallieerde briewebus beland het.

### VYFTIEN PARTYE

Vyftien verskillende partye twis op die oomblik in Triest self oor hoe die probleme van die stad opgelos moet word. Ongeveer vier-vyfdes van die inwoners van die stad is Italianers en die res is Slowene. Die meerderheid van die bevolking verlang gevolglik aansluiting by Italië. 'n Ander groep voer ekonomiese besware daarteen aan. Hulle redeneer dat ekonomiese hulp beswaarlik van Italië verwag kan word. Die land is op die oomblik armer as ooit tevore; elke jaar styg die bevolking met 450,000 mense; en jaarliks neem die aanbod van arbeidskragte toe met 250,000 werknemers.

Byna niemand begeer aansluiting by Joego-Slawië nie.

### HOOFBREKENS

Dit was seker nie die bedoeling van Moskou om die Weste attent te maak op die sorgwekkende toestand waarin die vrystad Triest, op die grens tussen Oosen Wes-Europa hom bevind nie; ook nie om in hul nota duidelik te maak watter strategiese betekenis 'n vrye Triest vir hul agressiewe bedoelings het nie. Maar blykbaar het hulle dit tog met die meergenoemde nota bereik.

Luidens berigte uit Parys het die Amerikaners daarin geslaag om Tito en Italië te oorreed om samesprekings oor die Triestprobleem te voer. Dit is juis wat die Russe wou verhoed het. Dit sal egter nog heelwat hoofbrekens kos voordat 'n ekonomiese en politieke uitweg vir Triest se probleme gevind word.

## Russiese Bevolking

In 'n toespraak het Beria, lid van die Sowjet-Russiese Politburo, verklaar dat die Russiese bevolking nou 207 miljoen is. Die bevolking vermeerder elke jaar met 3 miljoen mense.

# V.S.A. IN REP EN ROER OOR KORRUPSIE-SKANDALE

**Die binnelandse politiek in die Verenigde State van Amerika word op die oomblik geheel en al oorheers deur bewerings en gerugte van omkopery en korrupsie in die departement van die Amerikaanse Ontvanger van Inkomste. 'n Kongressionele komitee is besig om ondersoek in te stel na die hele aangeleentheid en die getuienis wat voor die komitee gelewer is het 'n skokkende toedrag van sake blootgelê. Die land se pers is in rep en roer.**

President Harry S. Truman het sy vakansie onderbreek en 'n week voor die bestemde tyd na Washington teruggekeer om persoonlik die saak te hanteer.

### OMKOOPGELD

Beweer word dat talle beamptes van die departement van binnelandse inkomste groot somme aan omkoopgeld en ander „gunste" ontvang het van persone wat verneuk het met die opgawe en betaling van inkomstebelasting. Sodanige persone, wat hulle aan die gevaar van geregtelike stappe blootgestel het, betaal om straf vir hulle verneukery vry te spring.

In 1951 is honderd-en-dertien amptenare van die departement ontslaan. In die afgelope vier maande is 62 in die pad gesteek. Meeste is sleutel-amptenare. Die ondersoek duur nog steeds voort en nog meer afdankings is in die vooruitsig gestel. Heelwat vriende en beskermlinge van president Truman is betrokke en die president is erg in die verleentheid.

### TRUMAN KAN VAL

Die korrupsie- en omkoperyskandale sal ongetwyfeld 'n baie belangrike rol speel by die aanstaande presidentsverkiesing. Dit kan maklik die val van Truman en van die Demokratiese party veroorsaak. Truman en ander leiers van die party voer aan dat hulle lankal besig is om die skuldiges te straf ten einde skoon regering te bewerkstellig.

Daarenteen voer die leiers van die Republikeinse Party aan dat die Demokratiese bewind korrupt is; dat Truman sy bes gedoen het om die skuldiges te beskerm ten einde verleentheid te vermy; en dat dit slegs die onthullings voor die kongressionele komitee is wat die Trumanregering gedwing het om op te tree. Voorts sê die Republikeine dat Truman slegs optree teen 'n skuldige amptenaar as hy weet dat sy teenstanders daardie amptenaar se skuld kan bewys.

### EISENHOWER

Die Verenigde State van Amerika is die leier van die demokratiese volke van die Weste. En die gebeurtenisse wat tans in die land afspeel, doen niks om die vertroue in die V.S.A. en in die demokrasie te vergroot nie.

Die naam van Dwight Eisenhower, Amerikaanse held en opperbevelhebber van die Westerse magte, word al meer en meer genoem as 'n moontlike kandidaat by die aanstaande presidentsverkiesing. Die generaal het nog steeds 'n baie korrekte stilswye oor sy voornemens bewaar. „Ike" het sy planne dig gehou. 'n Paar weke gelede, egter, het hy in Rome 'n toespraak gehou wat deur koerantmanne bestempel is as sy „eerste toespraak as kandidaat vir die presidentskap." Of dit so is, weet niemand nog met sekerheid nie.

# Duisende O.B.-Lede Wag op die Bevel: Voorwaarts! sê Randse Generaal

**Heelwat bekende gesigte is opgemerk by 'n vergadering van O.B.-offisiere en brandwagte wat die aand van 6 Desember in Johannesburg gehou is. Vir geruime tyd al is daar weer roeringe in O.B.-kringe in Johannesburg te bespeur, en onder leiding van genl. M. S. van Niekerk is 'n sterk reorganisasieprogram aan die gang gesit.**

Nadat mnr. Puréu die vergadering met 'n kragtige gebed geopen het, het dr. C. L. de Jager, eertydse hoof van die O.B. in die O.V.S. die vergadering toegespreek.

### DRIE FASES

Hy het gesê dat die stryd van die Afrikaner in 'n aantal fases ingedeel kan word.

Die eerste fase strek van die landing van Jan van Riebeeck aan die Kaap tot die Groot Trek. Gedurende die fase tref ons 'n groep mense aan wat graag 'n bestaan wou maak en vir dié doel die vreemde ingetrek het om 'n land te vind waar hul die bestaan kon maak. Hierdie mense het hulle aan 'n eie gesagsorde onderwerp. Heel gou het 'n vreemde moondheid egter gekom en hulle van die bodem wat hulle met bloed gekoop het, verdryf.

### VRYHEID ONTNEEM

Die tweede fase in die stryd begin met die totstandkoming van die vrye republieke, en word in 1902 beëindig toe dieselfde vyand die republieke hul vryheid ontneem het.

### HERWINNING

Tans belewe ons 'n fase waarin die Afrikaner weer stry vir die herwinning van verlore vryheid. In hierdie stryd is nie slegs Transvaal en die Vrystaat gewikkel nie, maar ook Natal en die Kaapkolonie. Die kardinale punt van ons bestaan en stryd is dus die herwinning van vryheid. Alle pogings is daarop toegespits.

### STRYD

Om ons vir hierdie stryd toe te rus is mag en middele nodig. Ekonomiese krag is noodsaaklik. As ons wil veg, moet ons ten eerste sorg dat die magsmiddele daar is. Waar u vandag in die O.B. staan sal u moet veg. In die stryd mag ons nie sommige uitsluit nie en moet ons van enige vegmiddel gebruik maak.

(Vervolg in kol. 1.)

(Vervolg van kol. 5.)

### VOORWAARTS

**Genl. Van Niekerk het verklaar dat etlike duisende O.B.-lede vandag die pas markeer. Hulle wag vir een van twee bevele — Verdaag of Voorwaarts! Van verdaag is daar nie sprake nie want die roeping en taak van die O.B. is daar om vervul te word.**

Namens die vergadering het hy dr. De Jager bedank en alle sukses in sy nuwe werkkring toegewens.

### 18 JANUARIE

**Die volgende vergadering van die O.B. in Johannesburg word gehou op die aand van 18 Januarie te 2e Laan 21, Linden, wanneer 'n nog groter opkoms verwag word.**


## NET 'N PAAR ITEMS

**om u in staat te stel om ons pryse te vergelyk**

| | |
|---|---|
| Boston Potlood-skerpmakers ... ... ... ... ... | @ 15/- elk |
| Mercury Draadheg-masjiene ... ... ... ... ... | @ 29/6 elk |
| Dubbele Glas-Inkpotte ... ... ... ... ... ... | @ 6/9 elk |
| Afrolpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/- per Riem |
| Tikpapier, 13 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 7/8 per Riem |
| Tikpapier, 10 dm. x 8 dm. ... ... ... ... | @ 5/7 per Riem |
| Losblad Grootboeke — alle groottes in voorraad, | pryse vanaf £3/5/- |

*Alle Kantoorbenodigdhede voorradig — Dit sal u betaal om u volgende bestelling by ons te plaas.*

**SOLMS VAN NIEKERK (EDMS.) BPK.**

Groote Kerkgebou 322, KAAPSTAD - Telefoon 2-7071

# CHURCHILL IN AMERIKA OM NOG HULP TE VRA

**Winston Churchill, eerste minister van Brittanje, het verlede Saterdag in die Verenigde State van Amerika aangekom om samesprekings te voer met president Harry S. Truman. Die samesprekings het Maandagoggend formeel begin. Verklaar word dat dit die belangrikste gebeurtenis is wat sedert lang tyd in die Westerse wêreld plaasgevind het. Groot verwagtings word gekoester.**

Daar is eers in die pers aangekondig dat Truman nie danig ingenome is met Churchill se besoek nie. Die president het dit egter ontken en aangekondig dat die Britse eerste minister baie welkom is.

### ATOOMAANVALLE

Sover vasgestel kan word is 'n taamlik losse agenda vir die samesprekings opgestel. Daaronder is die volgende:

(1) Die onderskeie verantwoordelikhede wat Brittanje en Amerika sal moet dra indien die lugmag van die V.S.A., deur operasies vanaf Britse vliegvelde, atoomaanvalle op Brittanje uitlok in 'n toekomstige oorlog. Verneem word dat Churchill verlang dat die Amerikaanse lugmag geen operasies onderneem sonder medewete en goedkeuring van die Britse regering nie. Dit het reeds uitgelek dat Truman bereid is om aan hierdie eis te voldoen.

### EUROPESE EENHEID

(2) Amerikaanse dollarhulp aan Brittanje. Verlede week is reeds in Washington aangekondig dat die Amerikaners 40 miljoen dollars aan die Britte sal betaal om hulle handelsverpligtinge in Europa na te kom sowel as 'n bedrag van 300 miljoen dollar vir bewapeningsdoeleindes.

(3) Hoe kan die Noord-Atlantiese organisasie verbeter word ten einde daaraan sneller beslissingsreg en groter slaankrag te verleen? Watter lande behoort Noord-Atlantiese Verdragskommandemente te kry wat nog nie gevul is nie, en hoe moet die kommandementeraamwerk georganiseer word.

**Dit word verwag dat Truman vir Churchill sal aanspreek oor die Britte se onwilligheid om die eenheid van Europa te help bevorder.** Daarteenoor sal Churchill glo eis dat 'n Brit bevelvoerder in die Midde-Ooste moet wees en dat die Amerikaanse bevelhebber van die Westerse vloot in die Atlantiese oseaan geen gesag moet voer oor die Britse hawens en die toegang daarheen nie.

### SJINESE NASIONALISTE

(4) Watter militêre en politieke strategie behoort die Verenigde volke te volg vir geval die wapenstilstandsgesprekke in Korea slaag of misluk?

**Truman verlang glo dat, net soos Amerika, ook Japan die Sjinese nasionalistiese regering op Formosa moet erken. Die Britte erken die kommunistiese regering van Sjina.**

(5) Watter gesamentlike beleid behoort Amerika en Brittanje te volg met betrekking tot die onrus in Persië en die kanaalgebied van Seuz?

**Dit beteken oënskynlik dat Churchill vir Truman gaan vra om die Britse imperialisme in die Midde-Ooste te onderskryf.**

(6) Wat kan gedoen word om die Britse tekort aan staal en ander grondstowwe aan te vul en die wapenproduksie op te voer?

(7) Wat is die wenslikste en die mees praktiese soort samewerking tussen Brittanje, Kanada en Amerika ten opsigte van die studie en ontwikkelings van atoomwapens?

### ATOOMGEHEIME

**Berigte lui dat mnr. Churchill heeltemal bewus is van die politieke moeilikhede in Truman se pad om Amerikaanse atoomgeheime aan Brittanje mee te deel. En hierdie moeilikhede is besonder groot, want die meeste Amerikaners glo dat Stalin môre alles weet wat mens vandag vir Brittanje vertel.** In ruil vir Amerikaanse geheime bied Churchill glo al die geheime van die Britse Empire en Statebond aan. Dit is nie bekend wat dit mag wees nie.

### PASOP

Volgens die agenda is dit duidelik waarom Churchill verplig was om homself uit te nooi na Amerika. Hy gaan om te ontvang, nie om te gee nie, want Brittanje het oënskynlik niks om aan te bied nie — behalwe miskien sy (Brittanje se) Statebond. Indien die regerings van die koninkryke van die Britse Statebond nie keer nie, mag hulle soewereiniteit waai.

## Komitee Benoem

**'n Tweede ondersoek na die moontlikhede om die naturellegebiede ekonomies te ontwikkel, is deur die Minister van Naturellesake gelas.**

Die Komitee sal moet nagaan of dit wenslik is dat met staatsgeld 'n korporasie gestig word vir die verskaffing van kapitaal aan nywerhede in of naby die naturellereservate.

Dit sou dan 'n soortgelyke instelling wees as die bestaande Nywerheidsontwikkelingskorporasie, wat aan nywerhede in die algemeen kapitaal verskaf. Die komitee sal aan die hand moet doen watter soorte nywerhede in of naby naturellereservate sal aard, op watter plekke hulle gevestig behoort te word, hoe die stigting aangemoedig behoort te word en hoe vervoer en krag verskaf behoort te word.

## *Van Riebeeck-fees Het Begin*

**Verlede Vrydagaand het die Van Riebeeck-feesvierings amptelik aangevang in Ohrigstad toe die eerste poskoets, voorloper van baie ander uit ander dele van die land op sy lang reis na Kaapstad vertrek het.**

Die feesvierings sal op 6 April in Kaapstad sy hoogtepunt bereik.

Die eerste minister, dr. D. F. Malan, het die feesviering amptelik van stapel gestuur in Ohrigstad. Om 9 nm. het hy die teken aan die Voortrekkers en die Boy Scouts gegee om die vreugdevure te laat opvlam en oral die wekroep van kerkklokke te laat hoor. Die fees het toe begin.

# NATURELLE WIL WETTE OORTREE

**Teen die middel van Desember 1951 het die African National Congress, wat in Bloemfontein vergader het, besluit om in 1952 'n massa-veldtog te loods met die oog op optrede om „die regverdige en wettige griewe van die meerderheid van die Suid-Afrikaanse volk" uit die weg te ruim.**

Die optrede wat in die vooruitsig gestel word sal die vorm aanneem van „oortreding van sekere uitgesoekte wette en regulasies wat ondemokraties en onregverdig is, wat diskrimineer op grond van ras en wat onverenigbaar is met die menslike regte. Liewer as om hulle aan hierdie onregverdige wette te onderwerp, sal diegene wat aan die massa-veldtog deelneem, hulle opsetlik en op georganiseerde wyse trotseer en hulle sal bereid wees om die straf te dra."

### EIS GELYKSTELLING

Die African National Congress het besluit dat as die regering in gebreke bly om hierdie wette te herroep, nie later as 29 Februarie 1952 nie, sal die Kongres verplig wees om die massa-veldtog te loods.

In sy openingsrede het die voorsitter van die Kongres, dr. J. S. Moroka, verklaar, **„Ons is bereid om saam te werk met die blankes, die Indiërs en die Kleurlinge — maar slegs op grondslag van gelyke vennootskap. Enige grondslag wat bereken is om ons in 'n minderwaardige posisie te plaas verag ons en sal ons vasberade verwerp. Ons is Suid-Afrikaners en ons vra die politieke status van Suid-Afrikaners."**

### DWAASHEID

Klaarblyklik eis die naturelleleiers gelykheid tussen wit en swart en om hulle eis te ondersteun is hulle bereid om 'n grootskaalse veldtog van wetsverbreking te loods. Dit is die weg van dwaasheid. Die naturelleleiers behoort te besef dat die gelykstellingseis wat hulle stel die onderwerping beteken van die witman aan die meerderheidswil van die swartman. Dit kan en sal die witman vanselfsprekend nooit duld nie.

Die naturelleleiers kan niks bereik deur 'n onmoontlike en onrealistiese beleid met grootskaalse wetsverbreking te probeer afdwing nie.

### ALGEHELE SKEIDING

**Die grondslag van samewerking tussen wit en swart in Suid-Afrika en op die vasteland van Afrika is klaarblyklik die beleid van algehele skeiding tussen wit en swart. Daardeur sal die witman baas bly in sy eie land en sal die swartman in sy eie gebiede kan ontwikkel, voorasnog onder die leiding en met die hulp van die witman.**

Laat die naturelleleiers liewers realisties wees instede van astrante eise te stel en dreigemente te maak; en laat hulle in alle erns en met welnemendheid hierdie beleid beproef in oorleg met welwillende blankes. Dit is die weg van wysheid.

## Weier V.V.O. Se Besluit

Nadat die politieke komitee van die V.V.O. besluit het dat 'n komitee van drie lede benoem moet word om Suid-Afrika, Pakistan en Indië te help met die onderhandelinge oor die posisie van Indiërs in Suid-Afrika het die Suid-Afrikaanse regering bekend gemaak dat hy nie die besluit kan aanvaar nie.

## Scott Uitgesluit

Die regering het 'n lasgewing teen eerw. Michael Scott uitgereik in November van verlede jaar waarkragtens hy verbied word om Suid-Afrika binne te kom. Solank die lasgewing van krag bly moet hy aansoek doen om die land ingelaat te word en dit kan geweier of toegestaan word volgens die diskresie van die minister.

Scott is 'n Anglikaanse predikant wat berugtheid in Suid-Afrika verwerf het weens sy agitasies teen die land voor die V.V.O.

## *Vliëniers na Korea*

Verlede Saterdag het ses Vliëniers van die Suid-Afrikaanse Lugmag vanaf Palmietfontein per vliegtuig na Korea vertrek waar hulle by twee eskaders sal aansluit.

# 'N PARTY TEEN DIE PARTYPOLITIEK ?

**In sy jongste Nuusbrief het adv. Oswald Pirow 'n vraelys gepubliseer wat deur die lesers beantwoord moet word. Die eerste vraag lui: „Is daar behoefte aan 'n derde sterk politieke party in Suid-Afrika?" Heelwat toevallig het 'n nyweraar in die pers 'n antwoord op hierdie vraag verstrek deur aan die hand te doen dat 'n gematigde party gestig word wat die landsvraagstukke buitekant die partypolitiek kan oplos.**

Die stigting van 'n „Sentrale Party," saamgestel uit die gematigdes van alle partye, met insluiting van die Arbeidsparty word naamlik bepleit deur mnr. A. A. Menkin, 'n voormalige voorsitter van die Transvaalse Kamer van Nywerhede.

### SPEELBAL

Hy spreek die mening uit dat so baie aangeleenthede die speelbal van die partypolitiek geword het dat dit net nodig is vir die een party om iets voor te stel om die kragtigste teenstand van die ander party uit te lok afgesien van die meriete van die saak. Mnr. Menkin noem as voorbeeld die sogenaamde naturellevraagstuk.

### POLITIEKE MUNT

Elke party is volgens hom bevrees om 'n sterk standpunt ten opsigte van die welsyn van die naturel in te neem, uit vrees dat die ander politieke munt daaruit kan slaan deur 'n beroep op die rassegevoelens van die blankes te doen en so stemme te verkry. Die gevolg is dat die naturel 'n speelbal in die stryd tussen die twee groot partye geword het.

### SENTRALE PARTY

Mnr. Menkin meen dat alleen 'n sentrale party verantwoordelikheid sal kan aanvaar vir naturellebehuising, die onderwys van naturelle en 'n beleid van geleidelike evolusie van die naturel. So 'n party sal kapitaal uit die buiteland lok en sal 'n sterk immigrasie-beleid kan uitvoer.

### V.P. IN GEBREKE

Mnr. Menkin verklaar dat hoewel hy die huidige Regering in baie opsigte gekritiseer het, die Verenigde Party hoegenaamd geen rede tot selfvoldaanheid het nie. Wat het hierdie Party bv. gedoen toe hy aan bewind was om die naturellevraagstuk tot 'n punt te voer? Dit sou in dié stadium veel makliker gewees het om dit bo die partypolitiek te verhef. Maar hulle het nie.

# KLIMAKS IN 1952

**„Die moontlikheid dat 'n klimaks in 1952 in Suid-Afrika bereik kan word in die verhoudings tussen blank en nie-blank het sterk geword toe die African National Congress op 17 Desember 1951 die historiese besluit geneem het om 'n veldtog van lydelike verset dwarsdeur die land in te stel," skryf die linksgesinde Londense weekblad, New Statesman and Nation.**

„Die versnelde tempo van rassewetgewing; die groeiende oortuiging van die Suid-Afrikaanse regering dat hulle kan maak net soos hulle wil met betrekking tot die begeertes van die nie-blanke volke van Suid-Afrika — sonder om hulle te steur aan die wêreldmening of die V.V.O.; en die opsigtelike voorbereidings vir die herdenking van Van Riebeeck se koms na die Kaap, 300 jaar gelede — dit s almal voorbeelde van die Nasionaliste se onversoenlike gees wat skynbaar bereken is om moeilikheid te soek." Dit is wat die blad voorts te sê het.

„DIE O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: Voorslag (Edms.) Beperk, Groote Kerkgebou 703, Posbus 1411, Kerkplein. Kaapstad.

## *Eisenhower Benoem*

Genl. Dwight Eisenhower is voorgestel as kandidaat vir die presidentsverkiesing wat Novembermaand plaasvind deur senator Henry C. Lodge, 'n invloedryke lid van die Republikeinse party. In Parys het genl. Eisenhower geweier om enige kommentaar te lewer.

NASIONALISME . . . .

(Vervolg van bls. 1. kol. 4.)

doen tot verwesenliking daarvan" wat reeds bekend gemaak is.

### BEGIN VAN AKSIE

Dit is nie langer toekomsideale wat u voorgehou word nie, maar daadwerklike stappe. **Vryheidsdag, 27 Februarie, moet die begin van ons aksie wees, vir die vrymaking van bande wat ons bind aan slagpale van imperialisme.**

**Moenie weer agterryers van ander op die pad Londen toe word nie. Maak die volk los, vry om op eie bene op 'n Boererepublikeinse grondslag te staan.**

Mag u almal weer soos vroeër en tot hiertoe so besiel word met die wil tot vryheid dat u die moed en krag vind om die daad by die woorde te voeg, is my wens vir die nuwe jaar.